



Woorde met en sonder 'n kappie


Graad 3

Kappie woorde:

WAT GEBEUR MET WOORDE WAT
'N KAPPIE HET?



'n Kappie verander 'n woord se uitspraak. Die
kappie word gebruik op klinkers om die klank te rek.



KOM ONS KYK NA DIE VOLGENDE

KAPPIE WOORDE

(FLIPPIE BL. 25)




sê
mê
hê

rûe
brûe
bêre
môre

skêr
êrens
nêrens

wêreld
kêrel

pêrel
blêr



Woorde sonder 'n kappie :

SOMMIGE WOORDE KLINK OF DIT
'N KAPPIE HET, MAAR DIT WORD
SONDER 'N KAPPIE GESKRYF.



Wanneer die woord eindig
met meer as een
medeklinker, kry dit nie 'n
kappie nie.



KOM ONS KYK NA VOORBEELDE VAN WOORDE WAT
KLINK OF HUL 'N KAPPIE MOET KRY, MAAR
SONDER 'N KAPPIE GESKRYF WORD:
(FLIPPIE BL. 25)

werf
verf
kerf



gerf
werk
sterk
derde



nog uitsonderings:
ster
ver





Klasie se kappie



Môre gaan Klasie na `n partytjie.
Hy is al so opgewonde. Vandag het dit gereën.
Die wêreld is sopnat. Op die gras lê die druppels soos pêrels. Klasie wil `n reënhoed hê. Nêrens kan hy een kry nie. Êrens in sy leesboek het hy gelees van kappies. Klasie soek in sy leesboek. Nou ontdek Klasie baie kappies. Hy sien hy kan `n kappie leen by bêre, blêr en belê of by affêre, brûe en mê. Klasie leen sy ma se skêr. Hy knip vir hom `n kappie uit. Môre se affêre kan nou maar kom. Klasie is reg vir hom!





Help asseblief vir **Klasie Kappie** om sy kappie
op die regte woorde te sit:



1. Nadat jy die werk gedoen het moet jy jou sker bere erens in jou tas.
2. More moet jy die bokke wat so bler ver laat wei onder die brue.
3. Die sterk kerel gee vir die meisie `n perelring.
4. Dit reën heerlijk vandag en mamma se die wereld is sopnat.



Kon jy vir **Klasie Kappie** help om sy kappie op die regte woorde te sit?



1. Nadat jy die werk gedoen het moet jy jou skêr bêre êrens in jou tas.
2. Môre moet jy die bokke wat so blêr ver laat wei onder die brûe.
3. Die sterk kêrel gee vir die meisie `n pêrelring .
4. Dit reën heerlijk vandag en mamma sê die wêreld is sopnat.



SING SAAM:

Suikerbossie ek wil jou H.E. , kappie op die E
Suikerbossie ek wil jou H.E. , kappie op die E
Suikerbossie ek wil jou H.E. , kappie op die E
Wat sal jou mamma daarvan S.E., kappie op die E

